**Vrouedag – 9 Augustus**

Nasionale Vrouedag is 'n openbare vakansiedag wat jaarliks op 9 Augustus in Suid-Afrika gevier word. Op hierdie dag vier ons vrouwees en sê dankie vir al die spesiale vrouens in ons gemeenskap!

Sonder vroue sou die wêreld maar ‘n saai plek gewees het. Reg aan die begin, toe God alles gemaak het, het Hy ‘n vrou gemaak om ‘n maat vir die man te wees en hom lief te hê en te ondersteun. Elkeen van ons is ook deur ‘n vrou in die wêreld gebring.  Een wat vir ons baie liefhet en versorg tot ons oud genoeg is om op ons eie twee voete te staan.

Daar is baie verhale in die Bybel oor vroue. Vroue wat God vertrou het en ook as geestelike leiers in hul gemeenskappe opgetree het.

Ons kyk vandag na 3 baie spesiale vrouens in die Bybel. Ons kyk na die 3 Maria’s wat ‘n groot deel van Jesus se lewe op aarde was.

**Maria nr 1 – Die ma van Jesus**

Sy was ’n jong Joodse vrou wat verloof was aan Josef.  ‘n Engel het aan haar verskyn en gesê dat sy swanger sal word en geboorte sou gee aan Jesus, waarvoor almal so lank gewag het. (Lukas 1:26-33)

Maria het nederig gedoen wat God gevra het. Sy was getrou aan God en bereid om 'n ernstige verantwoordelikheid te aanvaar.

**Maria nr 2 - Marta en Lasarus se suster**
Sy en haar broer, Lasarus, en haar suster, Marta, was goeie vriende van Jesus. Sy het Jesus geroep toe haar broer sterf. Jesus het Lasarus opgewek uit die dood. (Lukas 10:38-42)

Op 'n ander keer het sy op Jesus se kop en sy voete baie duur reukolie gegooi. Die mense het gesê sy mors geld, maar Jesus het nie saamgestem nie en gesê oral waar die nuus van God se koninkryk verkondig word, sal die goeie daad van hierdie vrou ook vertel word. (Matteus 24:14; 26:6, 7; 26:8-13)

Maria se geloof was sterk en sy het God bo alles gestel. Sy was nederig en het nie omgegee dat dit duur was om aan Jesus eer te betoon nie.

**Maria nr 3 – Maria Magdalena**
'n Baie lojale dissipel van Jesus. Sy het saam met Jesus se dissipels gereis en ook vir hulle gesorg. Sy het haar eie geld gebruik om vir hulle kos te koop en was baie vrygewig. (Lukas 8:1-3)

Sy het Jesus tot aan die einde gevolg. Sy was saam met Hom by die kruis en sy het naby Hom gebly totdat Hy doodgemaak is. Sy was ook een van die eerste mense wat Jesus gesien het nadat Hy opgewek is. (Johannes 20:11-18)

Maria Magdalena was 'n getroue dissipel. Sy was vrygewig en het Jesus ondersteun in sy bediening.

## Vrouedag bederf

*Onthou om 'n draai by Stodels te gaan maak vir jou gratis plantjie! Registreer by die ontvangstoonbank en ontvang jou Stodelskaart. Een keer 'n maand sal jy dan 'n gratis plantjie ontvang saam met jou aankope!*